Gereformeerde Kerk Benoni

Rom12:2

20 Junie 2010

Teks: Deut 6:1-12

Teksvers: Deut 6 : 7

Tema : Wat is jou passie?

Votum

en

Groetseën

Ons is almal hier tesaam - 1

Ons is almal hier tesaam,
vergader in sy Naam,
verheerlik Hom.
Tot die dood was Hy getrou
en daardeur is ons nou sy eiendom.
Kom ons leef soos wat Hy vra
en leer om te verdra
en liefde na te streef.
Loof Hom, Christus, die Heer.

Ons is almal hier tesaam - 2

Ons is almal hier tesaam,
verenig in sy Naam, verheerlik Hom.
Met ons hart en mond en hand,
ons kragte en verstand
kom loof ons Hom.
Hou ons lewend deur u Gees,
laat ons u kinders wees
en U bo alles eer.
Jesus Christus, die Heer.

Alle volke klap jul hande - 1

Alle volke klap jul hande;

juig tot eer van God

Verhef jul stem en roem sy Naam

in elke stad op aarde!

Refrein:

Sing en sing en sing...

Alle volke klap jul hande – 1 - Refrein

Sing en sing en sing dan saam

loof en prys sy grote Naam

want Hy is ewig Koning

in die hemel en op aarde

sing en sing en sing dan saam

loof en prys sy grote Naam

want die Hemelkoning

skenk ons Sy genade!

Alle volke klap jul hande - 2

Hy is ewig Koning in die

hemel en op aarde!

Die volke kniel, die nasies juig

oor al Sy skeppingsdade

Refrein:

Sing en sing en sing....

Alle volke klap jul hande - 2 - Refrein

Sing en sing en sing dan saam

loof en prys sy grote Naam

want Hy is ewig Koning

in die hemel en op aarde

sing en sing en sing dan saam

loof en prys sy grote Naam

want die Hemelkoning

skenk ons Sy genade!

Alle volke klap jul hande - 3

Ons gaan in sy woning in,

Hy roep ons almal saam

die skare juig en horings blaas,

ons almal roem sy Naam!

Sing en sing en sing...

Alle volke klap jul hande - 3 - Refrein

Sing en sing en sing dan saam

loof en prys sy grote Naam

want Hy is ewig Koning

in die hemel en op aarde

sing en sing en sing dan saam

loof en prys sy grote Naam

want die Hemelkoning

skenk ons Sy genade!

Ps 8 : 2, 3, 7

U het, o Heer,

wat troon oor alle dinge,

uit kindertaal en stem van suigelinge

u mag gegrond,

sodat die mens moet swyg wat,

hoog van hart uit wraakbegeerte

dreig

Ps 8 : 2, 3, 7

As ek, o Heer, u nagtelike

hemel daarbo

aanskou, die tint- en glansgewemel;

hoe, deur U toeberei, die skugter maan

met stille gang oor sterrevelde gaan

-

Ps 8 : 2, 3, 7

Ja, daar's geen land so ver of woes geleë,
geen strand, o HEER, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid
-
of orals blink u Naam en majesteit.

Woord- en Gebedsdiens

Teks: Deut 6:1-12

Teksvers: Deut 6 : 7

Tema : Wat is jou passie?

Deut 6:1 "Dit is die wet, die voorskrifte en die bepalings, wat die Here julle God my beveel het om vir julle te leer, sodat julle daarvolgens kan lewe in die land wat julle in besit gaan neem.
2 "So sal jy die Here jou God jou lewe lank kan dien en gehoorsaam wees aan sy voorskrifte en gebooie wat ek jou gegee het, jy en jou hele nageslag, en dan sal jy `n lang lewe hê.
3 As jy luister, Israel, en as jy gehoorsaam is en lewe volgens my gebooie, sal jy voorspoedig wees en uitermate baie word in die land wat oorloop van melk en heuning. Dit is wat die Here die God van jou voorvaders jou beloof het.
4 "Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.
5 Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.

6 "Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly.
7 Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.
8 Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees.
9 Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.
10 "Die Here jou God sal jou bring in die land waarvan Hy met 'n eed aan jou voorvaders Abraham, Isak en Jakob beloof het om vir jou groot en mooi stede te gee wat jy nie gebou het nie,

11 huise vol voorrade waarvoor jy nie gewerk het nie, putte wat jy nie uitgekap het nie, wingerde en olyfboorde wat jy nie geplant het nie, en jy sal kos in oorvloed hê.
12 Maar sorg dat jy nie dan die Here vergeet wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het nie.

Teks: Deut 6 : 7

Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.

Tema:

Wat is jou passie?

Woord- en Gebedsdiens

Woord- en Gebedsdiens

Kollekte:

Diens van Barmhartigheid

Antwoorddiens

Praat ek mense-engle tale - 1

Praat ek mense engle tale
maar dis nie uit liefde nie
is my woorde hol simbole
klanke sonder melodie
al kan ek geheime uitlê
berge deur geloof versit
of al het ek al die kennis
sonder liefde is ek niks

Praat ek mense-engle tale - 2

Sonder liefde sal my gawes,
al my ywer, my nie baat.
Net die warme hart van liefde
bly oorwin met goed die kwaad.
Onreg kan dit nie verdra nie,
maar dis met die waarheid bly.
Deur vergifnes, hoop,verwagtin
kom die beste in ons vry.

Praat ek mense-engle tale - 3

Al die tale, profesiee –
met die tyd gaan dit verby.
Net die liefde, die volmaakte,
kom en sal vir altyd bly.
Want geloof gee troos en rigting,
na die “eendag”reik die hoop
maar die liefde is die lewe!
God is liefde. Ewig. Groot.

Jesus, groot bo almal - 1

Jesus groot bo almal
Sterke verlosser
Magtige Heer en Heiland
Immanuel God is met ons
Reddende Here, lewende Woord

Jesus, groot bo almal - 2

Here nie meer twyfel
Vreugde en blydskap
lewe in oorvloed gee U
Immanuel God is met ons
Reddende Here, lewende Woord

Al Sou die Vyeboom nie bot nie

Al sou die vyeboom nie bot nie
En daar geen druiwe aan die wingerde wees
Al sou die olyfoes misluk
En die lande geen oes lewer nie.
Al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees.
Nogtans sal ek in die Here jubel sal ek juig oor God my Redder

Koor:

Die Here my God, gee vir my krag
Hy maak my voete soos die van ‘n ribbok
Op hoë plekke laat Hy my veilig loop
(Herhaal)

En al sou dit donker word hier rondom my
En dit voel of U hand verwyder is van my
Sal ek op U vertrou

Koor:

Die Here my God, gee vir my krag

Hy maak my voete soos die van ‘n ribbok

Op hoë plekke laat Hy my veilig loop

(Herhaal koor)

Wegstuurseën

&

Amen

Gereformeerde
Kerk Benoni

20 Junie 2010